CCPS An AIChE Technology Alliance
Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**

This issue sponsored by
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Kan natuurrampe jou aanleg affekteer?

**Januarie 2018**




Natuurrampe het verskeie kere die nuus gehaal oor die laaste paar jaar. Die foto's wys 'n paar voorbeelde:

1. Satelliet foto's van Mei 2016 wys veldbrande naby Fort McMurray, Alberta, Canada, en wys hoe naby was die brande aan olie raffinaderye.
2. Die Fort McMurray brand.
3. Orkaan Harvey naby maksimum sterkte in Augustus 2017 soos wat dit die Texas kus nader.
4. Vloede in Houston, Texas, na swaar reën deur orkaan Harvey.
5. Tenkers met organiese peroksiede ontplof in 'n aanleg omdat verkoelings eenhede sonder krag was as gevolg van orkaan Harvey.
6. Die Fukushima Daiichi kern kragstasie in Japan verloor krag in Maart 2011 as gevolg van 'n aardbewing en daaropvolgende tsunami. Onvoldoende verkoeling veroorsaak drie reaktore wat smelt (meltdown), waterstof in lug ontploffings en vrystelling van radio aktiewe materiaal.

Die gebeure en ander soortgelyke kon 'n dramatiese impak op chemiese aanlegte in die omgewing gehad het.

## Wat kan jy doen?

- Ken jou aanleg se noodplan vir natuurrampe en verstaan jou rol in voorbereiding, uitvoering van die noodplan en herstel na die ramp. Die tipe ramp wat jou aanleg kan tref hang af van waar die aanleg is en watter tipe natuurrampe daar moontlik is.
- Maak seker dat die noodplan in ag neem dat party natuur rampe soos aardbewings en tornado's gebeur sonder vooraf waarskuwing.
- Maak seker die noodplan neem in ag dat sekere werkers by die aanleg moet bly gedurende en na die natuurramp. Hulle het ondersteuning nodig soos slaapplek, kos en kommunikasie terwyl paaie en infrastruktuur onbruikbaar kan wees.
- Verstaan hoe jou area van verantwoordelikheid geaffekteer kan word deur 'n natuurramp, veral as daar spesifieke proses risiko's is, soos organiese peroksied ontbinding hierbo in 5 beskryf. Hersien die noodplan en maak seker dit is volledig vir jou werksarea. As jy iets identifiseer wat belangrik is, en waarvoor nie voorsiening gemaak word in die noodplan nie, bring dit onder die aandag van jou toesighouers sodat die noodplan verbeter kan word.
- Jy moet weet dat werkers moontlik nie werk toe kan kom na 'n natuurramp nie, en werkers by die aanleg dalk nie kan huis toe gaan nie. Maak seker die noodplan neem die moontlikhede in ag sowel as die risiko dat daar te min werkers op die aanleg kan wees.
- Ontwikkel 'n persoonlike noodplan vir jouself en jou familie vir die tipe natuurrampe wat in jou werk en bly area kan voorkom. Jy sal nie effektief kan werk tydens 'n natuurramp as jy bekommerd is oor jou familie nie.

Lees die November 2005 en Junie 2011 Beacon's vir meer inligting oor voorbereiding vir natuurrampe.

***Wees voorbereid vir natuurrampe!***

©AIChE 2018. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.